# Die pad van geestelike groei (3) - Navolgers van Jesus



**2024-01-21**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**



1

**Ef 5:1** Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders; 2 en wandel in liefde,
soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en
offer aan God tot 'n lieflike geur. 3 Maar hoerery en allerhande onreinheid of
hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges
betaam; 4 ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie,
maar liewer danksegging. 5 Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of
onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van
Christus en van God nie. 6 Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want
daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die
ongehoorsaamheid. 7 Wees dan nie hulle deelgenote nie. 8 Want vroeër was
julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here—wandel soos kinders van die
lig. 9 Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en
waarheid. 10 En beproef wat die Here welbehaaglik is; 11 en hou nie
gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit
liewer. 12 Want wat in die geheim deur hulle gedoen word, is skandelik selfs om
te noem. 13 Maar al die dinge wat deur die lig bestraf word, word openbaar;
want alles wat openbaar word, is lig. 14 Daarom sê Hy: Ontwaak, jy wat slaap,
en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn. 15 Pas dan op dat julle
nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; 16 en koop die tyd uit,
omdat die dae boos is. 17 Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar
verstaan wat die wil van die Here is. 18 Moenie dronk word van wyn nie—daarin
is losbandigheid; maar word met die Gees vervul. 19 Spreek onder mekaar met
psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot
eer van die Here, 20 terwyl julle God die Vader altyd vir alles dank in die Naam
van onse Here Jesus Christus, 21 en aan mekaar onderdanig is in die vrees van
God.

2

## Wees ‘n navolger van God

**Ef 5:1** Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders;

**Ef 5:1** Therefore be imitators of God (copy Him and follow His example). As well beloved children (imitate their father)


- Omdat Christus ons vergewe het.
- Navolgers van Christus – maak soos Hy maak.
- Geliefde kinders maak gewoonlik soos hulle ouers.
- Heilig soos wat God heilig is.
- Genadig soos wat God genadig is.
- Liefdevol...
- Perfek...
- Rein...
- Volg die Here se voorbeeld in alles wat jy doen.

3

## Wandel in liefde

Eph 5:2 en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as ‘n gawe en offer aan God tot ‘n lieflike geur.

- Wees ‘n navolger van Christus se liefde.
- Versprei ons ‘n lieflike geur?
- Sout wat smaak gee?



Rom 13:8 Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat ‘n ander liefhet, het die wet vervul.







4

## Keuses om te deel met sondes

Ef 5:3 Soos dit pas by mense wat aan God behoort moet daar onder julle geen sprake wees seksuele sondes, immorele optredes of gierigheid nie. NLV

- Waarskuwing teen alle onreinheid en sondes.
- Dit behoort nie teenwoordig te wees by navolgers van God nie
- Verkeerde begeertes en gierigheid.
- Dit behoort nie eers genoem of ter sprake te wees nie.
- Werke van die vlees (Gal 5:19-21)
- **Keuses**




5

## Wees versigtig wat jy sê

Eph 5:4 ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liewer danksegging.

- Vermy gesprekke wat nie pas by navolgers van Christus nie.
- Praat eerder oor ons dankbaarheid teenoor die Here.
- Gebruik elke geleentheid om dankie te sê vir die Here.



6

## Waak teen sondes en neem verantwoordelikheid

Ef 5:5 Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.
Ef 5:6 Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid.

- Gaan jy jouself toelaat om met opset sulke dade te doen?
- Kom weg daarvan om hierdie afgod te dien.
- Ons het elkeen 'n verantwoordelikheid.
- Bely jou sondes, en kies dan om te stop daarmee.
- Moet nie dat die duiwel jou met sy leuens verlei nie.

- Navolgers van Christus maak soos Hy.
- Omdat jy Hom liefhet...
- Versprei 'n lieflike geur.

7

## Kinders van die lig

Eph 5:7 Wees dan nie hulle deelgenote nie.
Eph 5:8 Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here—wandel soos kinders van die lig.
Eph 5:9 Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid.
Eph 5:10 En beproef wat die Here welbehaaglik is;
Eph 5:11 en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer.

- Kinders van die Here leef op 'n ander vlak.
- As jy Jesus aangeneem het is jy mos nie meer waar jy voorheen was nie (in duisternis).
- Ons is nou lig in die Here.
- Ons leef nou in die Lig van Christus.
- Kies dan ook om so te lewe wanneer jy met sondes en versoekings te doen kry.
- Bring eerder die vrug van die Gees na vore.
- Beproef eerder wat vir God aanneemlik is.



8

# Ontwaak jy wat slaap!

Ef 5:14 Daarom sê Hy: Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn. Ef 5:15 Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse;
Ef 5:16 en koop die tyd uit, omdat die dae boos is.
Ef 5:17 Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is.
Ef 5:18 Moenie dronk word van wyn nie—daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.

- Die wat verlore is moet ontwaak uit hul slaap.
- Staan op uit die dode.
- Daar is ook gelowiges wat aan die slaap is.
- Hoe kan ons ontwaak?
  - Ons moet dit doen deur 'n keuse en gehoorsaamheid.
  - Word met die Gees vervul. Rom 8:11
- Jesus Christus sal oor jou skyn!

9

# Wees versigtig hoe jy lewe

Ef 5:14 Daarom sê Hy: Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn. Ef 5:15 Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse;
Ef 5:16 en koop die tyd uit, omdat die dae boos is.
Ef 5:17 Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is.
Ef 5:18 Moenie dronk word van wyn nie—daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.

- Lewe soos navolgers van Christus.
- Lewe soos kinders van die lig.
- Waarin word jou meeste tyd spandeer?
- Sonde sal jou vernietig.
- Moet nie onwys (dwaas) lewe nie.
- Gebruik jou tyd goed.
- Daar is baie boosheid om ons



10

# Bring lof en eer aan die Here


Ef 5:19 Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here,
Ef 5:20 terwyl julle God die Vader altyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus,
Ef 5:21 en aan mekaar onderdanig is in die vrees van God.

- Waarvan is jou hart vol?
- Dank ons Hemelse Vader vir alles.



11

**1Jn 1:9** As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.



12